Aloe littoralis

E: Luanda tree aloe A: bergaalwyn, Mopanie-aalwyn, Windhoek-aalwyn D: Bergaloe, Windhoekaloe H:otjindombo

Hierdie baie mooi aalwyn kom wyd verspreid in die hele land voor. Dit is vir die eerste keer beskryf deur 'n navorser, wat dit naby Luanda in Angola ontdek het, daarvandaan die Engelse naam. Dit kom in die hele suidelike Afrika voor, veral in Namibia noord van die Steenbokskeerkring, maar ook nog enkeles tot sover suid as Keetmanshoop.
Ons weet almal dat dit in ons hoofstad se stadswapen 'n prominente rol speel.

Veral in blomtyd vanaf Maart trek dit aandag by mens en diere soos voels en insekte, wat agter die nektaar aan is.

Medisinale waarde en gebruike:
*Blaarsap is teen oogsiektes gebruik (direk op/in oog toegedien)
* 'n Aftreksel (Abkochung) van die blare is teen geslagssiektes gedrink.
* Blare is gedroog en fyn gemaal en as wondpoeier gebruik.
* Daar is beweer, dat die aftreksel van blare oor 'n langer tydperk daagliks ingeneem MALARIA afweer. (Kan dit dalk die bitterstof wees? Quinin/Chinin is ook BAIE bitter)
* Fyn gekapte blare in water gekook tot dik, deurgesif/deur sif gedruk en gebottel is vroeer as lakseermiddel vir mens en dier gebruik. Ook die poeier van gedroogde blare is 'n goeie lakseermiddel.
* Om hoenderluise af te weer word vandag nog aalwynpoeier in die hoenders se drinkwater gestrooi.

Nie net mooi nie, 'n aanwins in die veld en seker ook in die tuin; dit aard baie goed in tuine, is gehard en redelik rypbestand (tensy dit te veel water kry)

Inligtingsbronne: A Field Guide to the Aloes of Rhodesia (Oliver West)
Gemsbokbean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Trees & Shrubs of Namibia (Le Roux, Mueller, Coleen Mannheimer, Barbara Curtis)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Wild Flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)
Guide to the Aloes of South Africa (Ben-Erik van Wyk, Gideon Smith)
Heil- , Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks: Anka Eichhoff
Fotos: Marius du Plessis (Dankie!), Anka Eichhoff

Mei 2014, oorgedoen Augustus 2018